018 633 1502
082 457 9840

PO BOX 523
Ventersdorp, 2710

navrae@nwk4sure.co.za

# PERSOONLIKE INLIGTINGPROSESSERING EN TOESTEMMINGSVORM

Ons respekteer u privaatheid, en is daartoe verbind om u persoonlike inligting saam met u te beskerm, en verantwoordelik te bestuur. Ons versamel en prosesseer u persoonlike inligting, om ons in staat te stel om die dienste of produkoplossings wat u benodig, te lewer. Om aan die nuwe *Protection of Personal Information (POPI) Act* te voldoen, benodig ons u magtiging en toestemming om u persoonlike inligting te prosesseer. Die POPI Wet definieer die prosessering van persoonlike inligting soos volg:

***"processing"*** *means any operation or activity or any set of operations, whether or not by automatic means, concerning personal information, including—*

*(a) the collection, receipt, recording, organisation, collation, storage, updating or modification, retrieval, alteration, consultation or use;*

*(b) dissemination by means of transmission, distribution or making available in any other form; or*

*(c) merging, linking, as well as restriction, degradation, erasure or destruction of information.*

Ons sal die minimum vereiste inligting vanaf u versamel. Ons sal u persoonlike inligting slegs prosesseer vir die doeleindes waarvoor dit versamel was of met u ooreengekom is. Hierdie doeleindes sluit byvoorbeeld in:

- Om ons advies of dienste aan u te lewer, en/of om die produk te fasiliteer, en/of die transaksies wat u aangevra het uit te voer, en om ons verhouding te handhaaf;
- Om u te help met navrae en/of eise rakende u polisse of produkte;
- Om u identiteit te bevestig, en te verifieer, of te verifieer dat u 'n gemagtigde gebruiker is vir veililgheidsdoeleindes, waar van toepassing;
- Vir doeleindes van oudit en rekordhouding.

Ons sal ook u persoonlike inligting prosesseer, om te voldoen aan regs- en regulatoriese vereistes of bedryfskodes wat ons onderskryf, of wat op ons van toepassing is, of as dit andersins deur die reg toegelaat word.

'n *'Operator'* word deur die POPI Wet gedefinieer as*: "…a person who processes personal information for a responsible party in terms of a contract or mandate, without coming under the direct authority of that party"*. Ons is die verantwoordelike party met betrekking tot u persoonlike inligting. Ons sal dalk u persoonlike inligting moet deel met diensverskaffers, en/of operateurs wat betrokke sal wees by die lewering van produkte of dienste aan u of aan ons, ter ondersteuning van ons diensaanbiedinge aan u en ons besigheid. Voorbeelde van hierdie operateurs sluit in verskeringsmaatskappye, finansiële beleggings- en bestuursinstellings, ons ouditeure, ens. Indien nodig, gebruik ons inligtingstelsels van derdeparty-operateurs, om u persoonlike inligting te prosesseer, om ons te help om u van die nodige advies en/of produkte en dienste te voorsien.

Hierdie stelsels sluit tans in:

- NWK4SURE stelsel
- Beeswax (Stoor van persoonlike inligting)
- Laminin (Korttermyn)
- Brokertools (Medies)
- Sanfin (Langtermyn)

018 633 1502
082 457 9840

PO BOX 523
Ventersdorp, 2710

navrae@nwk4sure.co.za

Versekeraars stelsel

- Santam (Korttermynversekering & Eise)
- Old Mutual Insure (Korttermynversekering & Eise)
- Safire Insure (Korttermynversekering)
- Hollard (Korttermynversekering)

Ons is volgens wet verplig om ooreenkomste in plek te hê met hierdie Operateurs, om te verseker dat hulle persoonlike inlitgting beskerm en veilig prosesseer.

*U het die reg om ons enige tyd te vra om u persoonlike inligting, en u magtiging en toestemming gegee in hierdie vorm op te dateer, reg te stel of te verwyder.*

*U het altyd die reg om beswaar te maak teen die prosessering van u persoonlike inligting.*

*U het die reg om by die "Information Regulator" te kla, wie se kontakbesonderhede as volg is:*

*Tel: 012 406 4818/ E-pos: inforeg@justice.gov.za*

***Bespreek of klaar asseblief enige onsekerhede in hierdie verband met ons op voor ondertekening.***

***TOESTEMMING EN MAGTIGING:***

*Ek, ____________________________________________ (naam en van),*

*ID-nommer ___________________________________________ verstaan en:*

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Magtig en gee NWK4SURE (Edms) Bpk en/of die verteenwoordigers van NWK4SURE (Edms) Bpk, en **relevante produkverskaffers toestemming & toets van opsporingstelsels** om my persoonlike inligting te prosesseer vir die doeleindes wat in hierdie dokument genoem word. of andersins toegelaat word of deur wetgewing vereis word:* | *Ja / Nee (omkring asseblief die toepaslike opsie)* | *Volledige handtekening:* | *Datum:* |
| *Stem toe dat NWK4SURE (Edms) Bpk Bpk en /of die verteenwoordigers van NWK4SURE (Edms) Bpk, my van tyd tot tyd kan kontak, om addisionele finansiële dienste of oplossings aan my te bied:* | *Ja / Nee (omkring asseblief die toepaslike opsie)* | *Volledige handtekening:* | *Datum:* |
| *Stem toe dat NWK4SURE (Edms) Bpk, my persoonlike inligting met ander geregistreerde finansiële diensverskaffers mag deel, en NWK4SURE (Edms) Bpk, en die ander geregistreerde finansiële diensverskaffers my persoonlike inligting verder kan verwerk vir doeleindes van oorweging, en aanbieding van addisionele finansiële dienste, en produkte aan my van tyd tot tyd:* | *Ja / Nee (omkring asseblief die toepaslike opsie)* | *Volledige handtekening:* | *Datum:* |
| *Ander (Byvoorbeeld ouditeur, eiendomsagent, bank ens.)*<br>*Voltooi asseblief volledig:*<br>*Stem toe dat NWK4SURE (Edms) Bpk my persoonlike inligting mag deel met _______________________________*<br>*rede _______________________________* | *Ja / Nee (omkring asseblief die toepaslike opsie)* | *Volledige handtekening:* | *Datum:* |